**CACHET APTEEK**
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

Jaargang XXXVI | Nommer 19 | 25 September 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**



*Danie Yssel en Venette Gersteling skryf die eksamenrooster geesdriftig af. Voorheen was die gebruik om 'n roudiens voor die eksamen te hou. Hierdie plegtige geleentheid het in die Totiussaal plaasgevind, kompleet met 'n leier en 'n optog van rouende studente met boeke en penne in die hand. Die simbole van die akademie is dan voor die hoofgebou begrawe. Daarna is die begrafnis met 'n feesviering in die koshuise afgesluit.*

# Kontrole en beplanning word vereis

**Die Christelike reformering van die verwelkomingsbeleid van die eerstejaars op die Puk moet die hoogste prioriteit by die studenteleiers geniet, het Lukas van der Merwe, nuwe adjunkvoorsitter van die SSR, tydens 'n RKK-vergadering op 16 September gesê.**

Die vergadering is bygewoon deur die meerderheid studenteleiers, lede van die bestuurskomitee van die universiteit, lede van die Studenteburo en 'n hele aantal huispa's.

### Wagwoorde

Die nuwe voorsitter van die Studenteraad, Frikkie van Niekerk, het gesê dat daar twee wagwoorde vir die studenteleiers ten opsigte van die eerstejaarsverwelkoming in 1982 is. Dit is gedetailleerde beplanning en absoluut strenge kontrole.

In die konsep-verwelkomingsplan wat tydens die vergadering voorgehou is, word vier en 'n halfuur afgesonder vir skakeling tussen eerstejaars en seniors. Volgens prof Ben de Klerk moet hierdie tyd gebruik word vir die skep van 'n breër basis met die oog op 'n langtermynkenmekaar tussen eerstejaars en seniors.

Inisiatiewe van die studenteleier se kant, oor die vier en 'n halfuur wanneer die eerstejaars die seniors ontmoet, was maar skraal tydens die vergadering.

### Skakeling

'n Algemene gevoel op die vergadering was dat daar gedurende die tydperk van eerstejaarsverwelkoming wel baie sinvolle skakeling tussen mans en dameskoshuise kan en moet wees. Die oriënteringskomitee het behalwe vir breë riglyne en bepalings die vrye hand aan die HK van elke koshuis gegee oor tydspandering binne die vier en 'n halwe ure wat eerstejaars en seniors skakel hoewel die inhandiging van gedetailleerde beplanning verwag word.

### Bondelsport

Muller Bronkhorst en Jannie v d Schyff het 'n pleidooi gelewer vir die behoud van LO in die oggende in die vorm van skakeling tussen mans en dameskoshuise. Tydens hierdie skakeling word bondelsport soos vlugbal en sokker dan beoefen. Die vergadering het besluit om die aanbeveling aan die oriënteringskomitee deur te stuur.

## Binne

- Kine Puk p2
- Nuwe voorkomsregulasies p3
- Poësiekompetisie p8
- Sportpersoonlikheid p11

## Nuuswenke

**Algemene nuus:**
Trudie Scholtz Vergeet-my-nie, Tel. 5211.
**Koshuis/sosiaal:**
Betsie Kilian Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277.
**Sport:**
Herman de Villiers, Tel. 3729
**Kuns:**
Marietjie Potgieter, Tel 6668.
**Fotografie:**
Lynn Pretorius. Tel. 4277

## Saktyd

**Maandag 16h00**

# Smaaklike planne bedink

**— Anja van Tol —**

**"Atmosfeer is die belangrikste vereiste vir die restaurant, die dameskroeg, die a la Carte en die braaiplek". Aan die woord is mnr Dirk Coetzee wat vanaf 1 September aan die hoof staan van die kafeteria en al die bogenoemde onderafdelings.**

Op die oomblik gebruik die studente nog ander eetplekke in die dorp. Die enigste rede hiervoor is volgens mnr Coetzee die atmosfeer en geselligheid van die plekke. As die pryse en die gehalte van die voedsel vergelyk moet word, dan hoef die eetplekke in die SS geen tree agteruit te staan nie.

Op die oomblik word daar hard gewerk aan moontlike veranderinge en verbeteringe. Geskikte persone is reeds belas met die taak om ander instansies te besoek en nuwe idees te kry vir praktiese toepassing in die SS. Opbouende kritiek en nuwe idees van studente word ook verwelkom.

Die nuwe idees wat beplan word, is nog nie geformuleer nie, omdat die behoefte en ondersteuning vir die uitbreiding van die plekke nog bepaal moet word. Ook sal daar nog bepaal word hoe gereeld die plekke oop sal wees en watter tye. Weer eens sal die behoefte en die ondersteuning die beslissende rol speel. As dit prakties moontlik is, sal daar later ook gepoog word om studentediens te gebruik.

Geskikte agtergrondmusiek is volgens mnr. Coetzee ook 'n vereiste. Op hierdie stadium is dit nog nie seker of Radio-Puk die musiek sal verskaf en of eie musiek gebruik gaan word nie.

Mnr. Coetzee wil verder 'n verandering in die manier van drankverkope aanbring. Daar bestaan 'n wet dat drank nie verkoop mag word as dit nie saam met eetware van minstens 40c geniet word nie. Hierdie regulasie geld oral, behalwe in openbare kroeë. Op die oomblik werk die stelsel só dat die student sy drank saam met sy kos by die kasregister betaal. Om meer atmosfeer te bewerkstellig sal daar nou slegs koepons by die kasregister gekoop word. Die student sal dan in die restaurant, dameskroeg ensovoorts, direk van drank bedien word en met die koepon betaal.

Omdat koshuisadministrasie en die kafeteria met al sy onderafdelings nou in een afdeling val, sal dit meebring dat groente en vrugte meer volop en varser is. Voorheen is hierdie items van handelaars in die dorp gekoop, terwyl dit nou op die mark self gekoop word. Ook verskeie ander produkte van die kafeteria val nou onder die massa-aankope vir die voorrade van die eetsale.

### Selfonderhoudend

Laastens wys mnr Coetzee daarop dat die onderneming nie op wins ingestem is nie. Die ondernemings poog net om selfonderhoudend te wees. Hoe groter die omset egter is, hoe beter kan die verbeteringe wees wat aangebring moet word.

**Speed-o-Sound**

**Winkel no 39 en 40**
"The Sound specialists"
New premises just opened next door.
Complete with sound room and record booths.
Pay us a visit
**Tel: 7004, 6470**
**KENWOOD**
**YAMAHA**

# Kampus met klein bergies verfraai

— Julie James —

**Die verfraaiïng van die kampus voor die biblioteek staan op die oomblik stil omdat die Puk sy eie werkers daarvoor gebruik.**

Die werkers se primêre taak is instandhouding en op die oomblik is hulle dringender daarvoor nodig.

Die einde van die verfraaiïng is nogtans in sig. Sestig persent van die beplande verfraaiïng is reeds voltooi. Dit is die terreine rondom die Ekonomiese gebou, die Studentesentrum en die nuwe Administrasie-gebou.

Vir die terrein voor die hoofgebou word 'n spuitfontein met watervalletjies in 'n sirkelvorm beplan. Tussen dié spuitfontein en die hoofgebou gaan die embleem van die Pukkandelaar in steen uitgelê word. Wat opvallend is, is dat die hoofgebou sewe poorte het, een vir elke kers!

### Bergies

Die huidige ingangshekke gaan afgebreek word. Gras en struike gaan aangelê word sodat die ingang meer oop sal vertoon. Die hoofgebou sal dan meer prominent vertoon.


Die kampus word met klein bergies verfraai om te verhoed dat daar nie op die grasperke geloop word nie. Dit beheer dus die verkeersvloei soos tussen die Ekonomiese gebou en die biblioteek. Die heuwel is verleng en 'n bedding is aangelê om te voorkom dat daar 'n voetpaadjie geloop word.

### Bankies

Die belangrikste rede is om visueel kleiner areas te skep. Dit skerm die verskillende gebou in eenhede af om sodoende te sorg dat elke gebou individueel raakgesien word. Dit skep die geleentheid om bankies te plaas wat benut sal word omdat daar meer privaatheid is, as wat 'n gelyk vlakte sou kon bied.

Die kostes hieraan verbonde is minimaal omdat puin van ander plekke aangery word om te help met die verfraaiïng.

Daar word beplan dat die verfraaiïng teen die einde van die jaar voltooi sal wees.



● *Op hierdie stadium lyk dit nog nie juis na 'n verfraaiïng van die kampus nie, maar nou ja, snaakse wonderwerke kan gebeur.*

## Geen kommentaar



# Plakkies en sweetpakke in Bib toegelaat

**Die nie-amptelike biblioteek- en SS-drag van die meeste studente is nou amptelik geregverdig.**


Die meerderheid wat met sweetpakke, sportskoene, plakkies en kortbroeke (mans) in die Biblioteek rondgesnuffel het, het eintlik nog die heeltyd die reël oortree. Wees egter gerus, die nuwe voorkomsregulasie laat nou toe dat die studente in hierdie drag in die biblioteek en Studentesentrum verskyn.

Die klerekomitee (saamgestel uit studente van die Koshuisraad tot lede van die Senaat) het saam besin oor veranderinge ten opsigte van die klereregulasies. Die studente en biblioteekpersoneel het die gevoel dat die veranderinge dit geriefliker vir studente maak om veral tydens blok- en eksamentyd in die Biblioteek 'n draai te maak.

Nog 'n verandering is dat die dames hul nuwe, goedgekeurde koshuisbloesies klas toe mag dra. Die mans mag egter nie, omdat hulle nog net t-hempies het wat uitsluitlik vir sportdoeleindes is.

Hierdie vergunnings sluit egter klasdraf uit. Daar moet gelet word op die reël dat plakkies nie klas toe, eksamenlokaal of administrasiegebou toe gedra mag word nie. Dit sluit die hele "plakkie-familie" in.

Volgens Prof Ben de Klerk van die Studenteburo is dit jammer dat 'n klein klompie studente die Universiteit se naam in gedrang bring deur hul kleredrag. Die reaksie van mense van buite af is egter deurgaans positief. Veral mense van die loopbaanskou wat die Pukke se kleredrag met ander universiteite vergelyk, sê dat die studente se voorkoms in die algemeen baie netjies en van skitterende smaak getuig.




● *Reguit van die swottafel Bib toe - in gemaklike plakkies.*

# Izak tree af

**Na vier jaar op die Puk, loop Izak Minnaar voormalige hoofredakteur van die Wapad, vir 1980/81, se studieloopbaan vanjaar ten einde.**

Hy sien sy aanstelling as hoofsubredakteur aan die begin van 1980 as een van die hoogtepunte van sy loopbaan. Die Wapad het toe vir die eerste keer begin om self bladuitleg te doen.

'n Ander hoogtepunt vir hom was toe hy aan die begin van 1981 verkies is as dagbestuurslid van ASPU. Dis die eerste keer dat ASPU regtig begin het met joernalistieke opleiding en hom nie net beywer het vir die bevordering van die ASB se belange nie.

### Loopbaan

Izak se loopbaan by Die Wapad het in 1978 begin as verslaggewer by die raadsredaksie. As tweedejaarstudent word hy in 1979 Raadsredakteur gemoeid met SSR-verslaggewing. Aan die einde van 1979 word hy aangestel as assistent-redakteur, toe as hoofsubredakteur, en later in 1980 as nuusredakteur, waarna hy in Augustus 1980 as hoofredakteur aangestel is.

Hy voel dat 'n studentekoerant te alle tye geloofwaardig en objektief moet wees. Die sprake van negatiewe gesindheid wat daar teen Die Wapad was, is nou finaal afgebreek. Die vooruitgang van die koerant kan gesien word in die advertensiedekking wat



met 400 persent verbeter het. Izak glo dat die verslaggewers van Die Wapad net so hard werk as die SSR-lede.

### Verandering

Die behoeftes van die studentegemeenskap het die afgelope vyf jaar so verander dat dit 'n verandering regverdig in die stelsel van SSR-verkiesing. Izak staan 'n stelsel voor waar kiesafdelings saamgestel word uit studente met sover moontlik dieselfde studierigting. Dit sal groter meelewendheid op akademiese gebied tot gevolg hê. Daar word tans te min gedoen om groot groepe studente by die studentelewe te betrek met die gevolg dat dié groepe en ook verskeie koshuise hulself hoër stel as die kampus — 'n sieklike neiging.

Izak sê dat hy sy sukses by Die Wapad te danke het aan harde werk en dat dit hom regtig na aan die hart gelê het.

# Huiskomitees kry opleiding

**'n Huiskomitee-opleidingskursus is gehou op Saterdag 19 September.**

Die program is opgestel deur prof. Ben de Klerk. Aspekte soos die vormingstaak van die HK, praktiese koshuisaangeleenthede, ontspanning, ensovoorts, is in samewerking met die huisvaders bespreek. Groepbespreking wat bestaan het uit die huisvader en HK-lede van 'n bepaalde koshuis, asook geheelbesprekings onder leiding van 'n spreker, is gehou.

Die sprekers was prof. Ben de Klerk, dr. J. H. van den Berg, prof. H. N. Pretorius, prof. P. E. van Jaarsveld, mnr. Syd Eckley, Frikkie van Niekerk en Lukas van der Merwe.

Die kursus is afgesluit met 'n gesellige braaivleis op die Fanie du Toit.

**LB SKOENSENTRUM**
Winkel 6 en 7, Indiërsentrum
Tel: 21541
Pas ontvang
Mans Tractor en Hang Ten stewels
Spesiale afslag vir studente.

**ALEF JUWELIERS**
Fabriekspryse op
**diamante en handgemaakte juweliersware**
● Ontwerp u eie verloof- en trouring
● Waardasiesertifikaat met elke diamant
● 15 jaar ondervinding as diamantslyper
Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.
Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer).
Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.




**Bussie 13 Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Vrae alleen sal misluk

**Meneer**

Dit kom voor dat Victor van Aswegen die probleem van beperkte plasingsruimte gehad het (brief in Wapad 18 September), maar 'n mens sal graag e wil hê dat hy sy stellinge beter moes motiveer. Dit kom bietjie wild voor dat Calvinisme 'n groter gevaar vir die Afrikaner is as Kommunisme. Wat verstaan hy onder Calvinisme en onder Kommunisme?

Om die term geslotenheid kan lank gedebateer word. As Calviniste is ons nie skaam om ons geslotenheid te erken nie sover betreffende ons Skriftuurlike uitgangspunte. Dit behels in elk geval universele beginsels wat die toets van die tye deurstaan het. In geheel is dit nie geslote nie, maar staan wyd oop vir die waarheid, want al grond ons ons wel op die beginsels van God se Woord doen ons dit as mense, wat sondige wesens is. Sal meneer Van Aswegen dit ontken dat reformasie 'n tipiese kenmerk van Calvinisme is?

Daarteenoor is die "oop" stelsel ook nie so oop as waarop aanspraak gemaak word nie. 'n Reeks "-ismes" in die geskiedenis getuig daarvan wat tog niks anders is as 'n verabsolutering van een of ander aspek van die waarheid is nie. Verraai meneer Van Aswegen se brief nie 'n sterk mate van geslotenheid nie?

Daarteenoor sal u die waarheidsmomente van alle stelsels wel in die Calvinisme terug vind. Die feit dat Calvinisme nie die waarheid verskraal nie getuig tog van oopheid en globale perspektief.

Verder sê hy dat ons moet ophou antwoorde gee en weer leer vrae vra. Calviniste kan wel vrae vra in die sin van kritiese besinning maar hy kan ook antwoorde gee. Ons dinamiese lewe met al sy vraagstukke roep om antwoorde. 'n Stelsel wat nie vrae vra en nie kan beantwoord nie is tog 'n mislukking.

Ons sal meneer Van Aswegen graag in ons laer wil verwelkom. Ons het mekaar nodig in die stryd teen die kommuniste.

**Ben v d Walt**
**Korpsraad**

● *Brief verkort – Red.*

# "Dirigent en liedjies nie my skuld" sê Lappies

**Meneer**

Hiermee wil ek graag 'n regstelling maak na aanleiding van 'n berig wat in Die Wapad van 18 Augustus 1981 verskyn het. Na aanleiding van die betrokke gedeelte (bl 7 kolom) kan afgelei word dat ek van die beloftes wat ek aan die Puk-massa gemaak het, nie nagekom het nie en dus ontrou was aan my eie woord.

Dit is ongelukkig 'n misverstand wat kon ontstaan het nadat ek in my SSR-verslag (portefeulje Intervarsity 1980-81 termyn), slegs na die sake verwys het en nie al die betrokke inligting weergegee het nie aangesien elke SSR-lid op hoogte was van wat dit behels het. Om dus die aantyging wat in die berig gemaak is, te verwerp, gee ek graag aan u die volgende korrekte inligting.

In my jaarbeplanning (punt 3: (i) en 5: (i) en (ii) — Oktober 1980) het ek voorgestel dat ons, om die tradisionele blokstem te probeer vermy, die metode so sal verander dat 'n dirigent op meriete verkies sal word en nie op grond van tradisie nie. Op 'n SSR-vergadering, 22 September 1980, (Mosie 49/81) het die SSR die mosie van verandering van wat ek ingedien het, met 'n meerderheid van stemme afgekeur. Die beweegrede hiervoor was om nie die inisiatief heeltemal uit die hande van ons studente te neem nie. U kan dus sien dat my hande gebind was en ek nie die nuwe metode kon implementeer nie.

Daar is ook berig dat die aanleer van nuwe liedjies sonder veel sukses was. Om dit te weerlê kortliks die volgende:

Daar is tydens die singsongs wat die SSR vir die eerstejaars aan die begin van die jaar gereël het, met behulp van 'n tru-projektor nuwe liedjies aan die eerstejaars geleer.

Voor die RAU — sowel as Kovsie intervarsity is daar liedjies afgerol (dieselfde wat aan eerstejaars geleer is) en is daar, sonder veel sukses, probeer om dit aan die Pukke te leer. (Kan u onthou hoeveel papiervliegtuigies propvol intervarsity-liedjies daardie aand landingsplek in die amfi gesoek het?)

Ek wil dit graag beklemtoon dat ek nie op die tone van enige verslaggewer wil trap nie, maar dat ek graag die Puk-massa wil verseker dat ek wel my werk gedoen het om ook so my beskeie deel by te dra vir 'n puik Pukgees.

**Lappies Labuschagne**

# Kritieklose kritiek

**Meneer**

Na aanleiding van Victor van Aswegen se brief in Die Wapad van 18 September onder die opskrif "Calvinisme gevaarliker as Kommunisme vir Afrikaners" net die volgende:

Van Aswegen sê, en ek haal aan: "Ons moet ophou om antwoorde te gee en weer leer om vrae te vra".

Tog gaan sy hele brief oor sogenaamde probleme wat hy sien en sy antwoorde daarop. In paragraaf een begin hy al vier sy sinne met "Ons moet . . ." Dit Dui mos op kritieklose kritiek, aangesien hy nie sy kritiek op homself toepas nie.

Ook sal mens hom graag wil afvra hoe hy dit regkry om te dink en te skryf terwyl die Calvinisme hier reeds die stem van die denker stilgemaak het?

Hoewel mnr Van Aswegen stel dat ons die laer moet opbreek sodat ons verder kan trek, wonder ek of hy ooit by die laer uitgekom het. 'n Kritiese instelling is pragtig en nodig, maar wanneer die vraag en die kritiek, soos in sy geval, absoluut gemaak word, val hy terug op 'n oeroue filosofiese stroming, genaamd die skeptisisme wat al voor Christus se koms welig in ou Griekeland gebloei het.

Meneer van Aswegen moet insien dat kritiek 'n eie beskouing veronderstel en teenoor hierdie beskouing van hom staan hy glad nie krities nie. Hy gee 'n baie skeptiese beeld, maar is nooit skepties teenoor sy eie skeptisisme nie. In ons eeu kom die aanhoudende bevraagtekening van alles sterk by die eksistensiefilosofie voor. Deur alles te bevraagteken, bly daar later niks vir die mens oor nie.

Elke denker het 'n vaste grond waarvandaan hy vertrek. Niemand kan alles bevraagteken nie, want dit is om die fondament onder jou uit te kap. Waar die grondslag van die kommunisme heidens is, is die grondslag van die Calvinisme die onfeilbare Woord van God.

As mens nie die wáre Skepper, Onderhouer en Regeerder van die wêreld raaksien nie, dan moet mens iets uit die skepping as fondament neem en dan verval mens in "-ismes".

Terwyl die mens primêr 'n verantwoordende wese is, sien Van Aswegen die mens as 'n vraende wese en is sy fondament 'n pessimistiese twyfel.

**Henk Stoker**

● *Brief verkort – Red.*

# Gerda ontvang baie "simpatie"

**Meneer**

Liewe Gerdatjie, jou inspirerende briefie in Die Wapad van 18 September het koue rillintjies langs my ruggraat laat afgaan. Of dit nou van skok of vrees of bloot net van simpatie met jou was, weet ek nie. Immers het dit my so 'n rittelende plesiertjie besorg dat ek daarop móés reageer.

In die brief is daar een groot waarheid wat jy kwytraak: "Ek is nou nie 'n kenner van gedigte nie. . ." Daarmee slaan jy die spyker so op die kop. Daar is egter ook een groot mistasting wat alles behalwe die waarheid is, en dit word weerspieël in die woorde: "Ek is nie dom nie" Hierdie laasgenoemde stelling van jou het 'n histeriese giggeltjie by my uitgelok (om die minste te sê)

Die feit dat jy nie iets van poësie weet nie, blyk duidelik uit die afleidings wat jy soms maak. In 'n poging om jou nie té skaam te maak nie, sal ek nie in besonderhede jou beperkte literêre kennis ontbloot nie.

Oogklap-engheid straal uit elke sinnetjie van jou briefie. Ek sal graag wil weet aan watter klub jy behoort. Is dit die Sedelike Koeksisters-vereniging of die Oudedoosgenootskap?

Ek kan nou voortgaan om vir jou verskeie dinge te vertel, dinge soos "wat is poësie", "die nuwe werklikheid wat poësie skep", "taalgebruik", "abstraktheid en dieper betekenis in 'n literêre werk", ens, ens,. maar eerstens sal jy dit nie verstaan nie, en tweedens wil ek nie jou en jou morele vereniging die intense verkneuterende verlustiging in en van Lens '82 ontneem nie.

Met hoogagtende dankbaarheid (en selfs: Heil die leser) Jou simpatieke vriend wat homself sal noem:

**Met permissie gesê**

# Weg met oogklappe vir kuns

**Meneer**

**Ek rig my tot Gerda oor haar brief "Lens '81 spot volkslied en propageer kommunisme". (Wapad, 18 September)**

Toe ek jou brief lees, het ek onbedaarlik aan die glimlag gegaan. As Christen ag jy dit jou plig om teen LENS '81 protes aan te teken. Ek wonder of jy besef dat jou brief seker die beste advertensie vir LENS '81 is. Dit het my in elk geval oorreed om dit te gaan lees.

Jy sê jy is nie 'n kenner van gedigte nie en LENS '81 stuit jou teen die bors. Dit kom my voor asof jy nie 'n kenner van die lewe is nie. 'n Mens se "trip switch" hoef nie af te gaan by die sien van krasse woorde en omstrede onderwerpe nie. Die lewe is nie maanskyn en rose nie en dank die vader die kunste is daar om dit vir ons te wys. Net soos dit ook die mooi in die lewe vir ons wys.

Mens moet maar die oogklappe afhaal en die oë oefening gee deur ook kante toe te kyk. Die oë kan ongelooflik lui en stram deur net vorentoe te kyk en jy kan meeste van die wonderlike LEWE wat aan die kante verbykom, miskyk.

Jy ys as jou kinders eendag LENS in die hande moet kry. Ek weer, verkluim as my kinders eendag nét, soos jy dit stel, "sulke mooi gedigte soos dié van A G Visser en Helen Steiner Rice" in die hande moet kry.

Jy sê jy is nie dom nie. Dan kan jy dit bewys deur LENS '81 ten minste nog tien maal te gaan deurlees. Probeer dan om nie te skrik vir woorde nie en



delf dieper.

En nou rig ek my tot al die kunstenaars onder ons. Asseblief, moenie bang wees nie, moenie skynheilig wees nie en in hemelsnaam, moenie stilbly nie. Wees onverskrokke, wees eerlik en konfronteer ons met julle kuns. Ons het julle broodnodig, want julle hou vir ons die spieël op waarin ons na onsself kan kyk.
Vive la Arte!

**C F Schoeman**

● *Brief verkort – Red.*

**CREDO JUWELIERS**
**GROOTHANDELSPRYSE!!**
*'n Diamant vandag is 'n belegging môre*
*Groot verskeidenheid juweliersware*
**HENNIE KOTZÉ**
LEWIS DEURLOOP, KERKSTRAAT 133
TEL. 21685

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag




die WAPAD

## 'n "Versigtige" vergadering

Die sagte, dog ferme leiding van ons nuwe SSR-voorsitter, Frikkie van Niekerk, het daartoe bygedra dat die afgelope RKK-vergadering wat baie maklik skeef kon loop, as 'n redelike sukses beskryf kan word. En al was die reaksie van die Huiskomitees maar skraal, het die enkele bydraes tog getuig van mooi inisiatief.

Dié versigtige reaksie van Huiskomitees kan toegeskryf word aan een of meer van die volgende:

- 'n Totaal nuwe benadering ten opsigte van eerstejaar-seniorkontak tydens oriëntering — 'n benadering wat Huiskomitees in 'n baie moeilike posisie gaan plaas.
- 'n Gebrek aan 'n prominente leiersfiguur wat as "andersdenkende" 'n groot gedeelte van die Huiskomitees negatief teenoor owerheidsmaatreëls stem.
- 'n Groter mate van verantwoordelikheidsbesef by die Huiskomitees — 'n besef dat húlle die mense is wat hierdie nuwe benadering gaan maak óf breek.

Ons vertrou dat laasgenoemde moontlikheid die mees korrekte is — reformasie was nog nooit maklik nie!

**HOOFREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei, Tel. 22229. **NUUSREDAKTEUR:** Trudie Scholtz, Vergeet-My-Nie, Tel. 5211. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg, Tel. 25481.

**Boodskappe** kan in bussie 13 by die inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.

**Tye:** Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h00

**Filippense 3:10, 11: "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood".**

Wat is jou grootste wens — nee, liewer: wat is jou enigste wens?

Vir Paulus is sy enigste wens om Christus te ken, want, sê hy, om Christus Jesus te ken, oortref alles in woorde (vs. 8);

Wat beteken dit om Christus te ken? Net soos daar tussen mense wat mekaar ken, 'n verhouding is, is daar 'n persoonlike band tussen Christus en die mens wat Hom ken.

Hierdie persoonlike verbintenis het vir die gelowige 'n uitwerking op die HEDE:

i) Jy ondervind die krag van Jesus se opstanding. Jesus het die dood oorwin. Dieselfde krag waardeur Hy uit die dood opgestaan het, werk in die gelowige en wek hom op uit sy sondedood en gee hom 'n nuwe lewe.

ii) Jy het deel aan die leiding en dood van Jesus. Dit beteken dat Jesus se dood ook die dood van jou ou natuur was. Daagliks kry jy deel aan Jesus se dood deur jouself te verloën, jou sondes te laat sterf, deur nie weer op jouself te vertrou nie (vs. 4-6).

Maar hierdie kennis het ook 'n invloed op die gelowige se visie op die TOEKOMS:

Dit skep die verwagting, die hoop op die finale opstanding uit die dood wanneer die geestelike en liggaamlike stryd van die gelowige teen die dood, iets van die verlede sal wees.

Dáárom: Laat jou enigste wens wees: om Christus te ken!

**Magdal van der Merwe.**

# Slegs toplaag betrek

**— Eugene Gunning —**

**Is die ASB 'n liggaam net vir 'n "toplaagstudente?"**

Op bladsy dertien van die Puk-sakboekie verskyn daar onder die opskrif "Wat beteken die ASB vir my", die volgende:

Die ASB bied elke jaar in Desember en Januarie 'n goedkoop oorsese toer aan sy lede.

Die ASB bied vir vakverenigings en belangstellendes in politiek, konferensies en skakelgeleenthede met andersdenkendes aan.

Deur die ASB kan sy lede oorsese studentekaarte kry wat hulle geregtig maak op reis- en verblyfvoordele in Europa.

Die ASB gee maandeliks sy mondstuk "Die Afrikaanse Student" uit om sy lede op hoogte te hou van die jongste algemene- en studentepolitiek.

Die ASB bied aan sy lede 'n forum om hul standpunt oor enige saak te laat hoor.

Die ASB poog om maandeliks studiestukke onder studente oor aktuele sake te versprei.

Die ASB verskaf 'n inligtingsdiens oor aktuele sake aan sy lede.

Die ASB gee jou kans om saam met ander Christen-Afrikaners te help om jou land se probleme op te los.

Gooi jou gewig in by die ASB.

### Uitgesoektes

Die vraag kan tereg gevra word: "Wat beteken die ASB (Afrikaanse Studentebond) vir my?" Of is dit maar net 'n liggaam vir 'n groep uitgesoekte studente wat aktief deelneem aan die studentelewe op verskillende kampusse?

I ASB bied jaarliks ver .lende projekte aan van die nasionale kongres tot Fiësta (praktiese kursusse in batik, motorherstelwerk ensovoorts), Kuesta (waar studente op nasionale vlak bymekaar kom om kuns en musiek te beoefen), toere na swart state; konferensies waar daar onder meer oor aktuele sake besin word en 'n buitelandse toer.

### Publikasies

Verder wil die ASB met publikasies soos ASBek en ASBeeld op hoogte van sake hou. ASPU (Suid-Afrikaanse Studentepersunie) is 'n patronaatliggaam van die ASB. Lidmaatskap staan oop vir enige studentekoerant van geaffilieerde kampusse en bied verdere geleentheid vir skakeling tussen studente.

Hierdie projekte en publikasies is afhanklik van die betrokkenheid van studente. Hoe dink van ons medestudente hieroor?

### SSR

Bennie Nothnagel, voorsitter van Politiese Raad, stem saam dat net sekere studente aktief deelneem aan die ASB-bedrywighede. Indien onder "toplaag" SSR-lede en ander raadslede verstaan word, dan is die ASB op die oomblik 'n liggaam vir die "toplaag" studente omdat dit die studente is wat gewoonlik die ASB aksies bywoon.

Volgens hom is die doel van die ASB om soveel as moontlik studente te betrek by hul bedrywighede en nie net 'n "toplaag" studente nie.

Hesta van der Westhuizen dink dat die doel van die ASB die samesnoering van die Afrikaanse student in 'n oorkoepelende kultuurorganisasie is. Elke student moet betrek word.

Sy glo egter dit is 'n situasie wat nie bestaan nie. As motivering noem sy onder andere:

Die klein aantal persone wat by die nasionale projekte ASB betrek word.

Die groot massa wat nie eers bewus is van die ASB nie.

Gerrie Botha, 'n BA Admissie-student in sy tweede jaar dink dat die toplaag 'n menslike deel is van die ASB, terwyl die gemiddelde studente se belangstelling nie geprikkel word nie.

Dit blyk uit die voorafgaande menings dat die ASB in sy huidige vorm wel net die "toplaag" studente betrek.

Wat is die fout? Waar lê die probleem? Ek glo dat die ASB werklik belangstel om soveel as moontlik studente te bereik. As dit so is, hoe moet dit gedoen word?

### Probleem

Die hele problematiek van die situasie kom in die volgende 4 punte uit:

1 Die klein aantal persone wat betrek word by projekte soos die Tuislandtoer en ASB kongres. By laasgenoemde word wel 'n groot aantal mense betrek, maar net 'n klein aantal mense kan die kongres bywoon as "afgevaardigdes".

2 Politiek in die ASB. Sekere studente beskou die ASB as 'n politieke organisasie.

3 'n Identifiseringsprobleem. Dit kan wees dat die deursnee student nie kan sien waar sy/hy inpas by die ASB nie.

'n Gebrek aan "wat doen die ASB?" Studente stel soms nie juis belang as iets hulle nie direk raak nie. Die ASB sal beslis in die toekoms meer aandag aan die saak moet gee.

Die ASB moet daadwerklik besin om meer studente konstruktief te betrek. Meer afgevaardigdes van elke kampus na die jaarlikse kongres of meer toere na plekke van belang is moontlikhede wat ondersoek kan word.

# *Koöperasie is nodig vir konstellasie van state*

**Willem van der Meer**

**"Samewerking tussen soewerein-onafhanklike volke moet die grondgedagte vorm in 'n konstellasie van Suidelike Afrikaanse state, sê mnr Natie Luyt.**

Mnr Luyt, 'n dosent in die departement Staatsleer aan die UOVS het Woensdag 16 September in die ou Senaatsaal 'n seminaarbyeenkoms oor die Konstellasie van Suidelike Afrikaanse state toegespreek. Die vergadering is deur die minister van Polisie, mnr. Louis le Grange, bygewoon.

In Suidelike Afrika is daar talle faktore wat samewerking moontlik maak. Die belangrikste hiervan is die ekonomiese en geografiese faktore. Verder is die verbindingsmiddele (veral kommunikasie en vervoer) in Suidelike Afrika so verweef dat interafhanklikheid 'n sterk faktor gaan bly.

Tydens die bespreking was deelnemers dit eens dat die militêre aspek in die konstellasiegedagte ver op die agtergrond gehou moet word.

## Regstelling

Die berig oor die karnavaldebutantes (Wapad, 14 September: Geld, geld, geld. . .) was foutief Marietjie Coetzee (Karlien) was die vorige debutante en nie Marietjie du Plessis soos berig is nie. Ons is jammer vir enige ongerief wat hierdeur veroorsaak is.

# SSR-lede nie op HK's

**Pieter Brits**

**In sy jaarverslag as vise-voorsitter van die SSR van 1980/81 het Corné Mulder voorgestel dat die huidige stelsel dat SSR-lede nie HK-lede mag wees nie, afgeskaf behoort te word. Dit sal meebring dat die SSR weer relevant word op die kampus en nie gesien word as 'n vae losstaande iets waaragter die owerhede skuil om die studente mee by te kom nie.**

Willem Fourie, voormalige SSR-lid, is om kommentaar genader en hy sê dat dit 'n praktiese goeie reëling is dat SSR-lede nie HK-lede mag wees nie.

Volgens Willem kom daar jaarliks baie jong leiers na die Puk. Om toe te sien dat al hierdie leierspotensiaal benut word en om hierdie jong leiers 'n geleentheid tot vorming te gee, moet daar soveel geleenthede vir leierskap as moontlik geskep word.

Dit is ook nie te sê dat 'n koshuisleier 'n kampusleier is nie.

Dit is verder volgens Willem ook nie te sê dat iemand wat 'n leier in die koshuis is, nie deur die owerhede gemanipuleer word nie.

Beide SSR-lede en HK-lede kry 'n honorarium. In praktyk kom dit egter daarop neer dat HK-lede 'n salaris ontvang. Die rede hiervoor is die feit dat die studente geen effektiewe kontrole oor HK-lede het, soos in die geval van die Studenteraad nie. Willem meen dat Koshuisraad hier 'n belangrike rol kan speel.
speel.

Corné Mulder het sy voorstel soos volg gemotiveer:

Dit kan maklik gebeur dat die Studenteraad 'n totaal losstaande liggaam weg vanaf die studentemassa word, veral vanweë die SSR se tipe werksaamhede.

Daar moet daarteen gewaak word om met twee stelle leiers op die kampus te werk — die een groep wat op SSR-vlak funksioneer en die ander groep wat op koshuisvlak funksioneer.

Deurdat 'n studenteleier toegelaat word om op die SSR en HK gelyktydig te dien, wat vroeër wel die geval was, word die SSR in die koshuise vir die studente iets werkliks. Veral omdat die HK veel nader aan die studente staan, as die SSR.

Corné meen dat elke studenteleier self behoort te besluit of hy die vrag werk van beide SSR en HK kan hanteer en behoort nie reglementêr verhoed te word nie.

# STUDENTEPRET MET . . . FANIE

## Hy geniet die voorreg om Puk te wees


*Fanie Venter*

**Betsie Kilian**

**Nie eens 'n tromp-op konfrontasie kan Fanie Venter van stryk bring nie. Hy lyk glad bly dat hier iemand is wat hom wil uitvra oor sy studentelewe, want dit blyk gou dat hy trots is op sy Puk-wees en die voorreg gate uit geniet.**

Fanie wat twee jaar op die SSR was en nou vir sy vyfde jaar op die Puk, vertel sommer onvoorbereid staaltjies uit sy studentelewe. Hieruit is dit duidelik dat hy 'n student in die populêre sin van die woord is — spontane droogmaaksessies is sy kos. En ten spyte van die feit dat hy nou 'n "tydelike, deeltydse junior-lektor is", is hy nog lank nie 'n statige dosent nie. Sy neiging tot 'n spontane singery, strepe trek en gesonde studentepret vlam nog te hoog.

Fanie het as gevolg van sy SSR-bedrywighede heelwat skakeling met ander universiteite gehad. Hy sê die studente van ander kampusse beny ons omdat ons so 'n spontane en aktiewe studentelewe het. Volgens Fanie het ons 'n ryke "kultuurskat" van studentegrappe in Potchefstroom en hy hoop dat dit behoue gaan bly.

Fanie dink die Pukke is 'n spontane klomp, veral vergeleke met ander universiteite. Op A.S.B.- en S.S.D.-kongresse waar hy was, was dit altyd die Pukke wat die ander studente vermaak het. Pukke weet hoe om hulself te geniet, waar die ander studente dit net op een manier kan regkry, en dis deur dans. Hier is dus een voordeel van die feit dat Die Pukke nie op 'n georganiseerde kampus-wyse mag dans nie. Al is dit amper die enigste voordeel in hierdie verband, hou dit darem in dat die Pukke hulle nog op ander maniere kan vermaak.

Wat hom ook getref het, is dat die Pukke 'dieper' vrae op kongresse vra. Hulle delf tot op die wortel van argumente, veral as dit by politiek kom. Wanneer dit by spontaniëteit kom, as die Pukke begin sing, is hierdie studente die ander al weer een voor. Veral oorspronklike liedjies is 'n bate en mens moes net keer, want Fanie begin sommer entoesiasties: "Hendrik Verwoerd sê vir Erik Louw kom dat ons 'n nasie bou. . ." (ten spyte van die feit dat die liedjie sy oorsprong by Over de Voor het!)

Volgens Fanie het die manier waarop die Pukke Intervarsity hou nog nie veel verander nie. Sy gevoel vir spontane droogmakery kom weer navore as hy kla dat die studente dit net te min reël.

Dis duidelik dat hy 'n geesdriftige Kloosterman is wanneer hy vertel van die watersakgooiery en puntetoekenning volgens die belangrikheid van die persoon wat raakgegooi is. Hy verlustig hom daarin dat party van die manne soms by hul kamers kom en vind dat die hele inhoud van die kamer netjies voor die deur of op die ou se motor gerangskik is.

Fanie het 'n verkeerskonstabel-obsessie. Die feit dat hy in Klooster is, weerhou hom egter om iets hieroor te sê. . .

Oor sy tydperk in die SSR sê hy dat hulle die probleem van skakeling met die massa besef het. Hy weet dis 'n probleem omdat die studente voel dat hulle nie genoeg kontak met die leiers het nie. Die indeling van SSR-lede by koshuise gaan egter die probleem in 'n groot mate oplos. Hy sou meer direkte kontak met die studente wou gehad het, maar weet dat dit prakties onmoontlik is omdat daar nie tyd is nie: "'n mens bly darem 'n student ook".

Volgens Jan-Louis kan Fanie nie sit as hy grappe vertel nie. Uit die aard van die saak vervat ons dus nie die maagseer-lag-grappe waarvoor Fanie bekend is nie. Maar dat hy nog deel is van die Pukke, al is hy 'n lektor in Filosofie en 'n nagraadse diploma-student in Kommunikasiekunde, sien mens weer duidelik as Christo Scholtz die kantoor binnewaai met 'n "Haai, ou Faan!"

# Regter lewer lesing

**Op 3 en 17 September het regter V.G. Hiemstra twee lesings by die regsfakulteit gelewer.**

Regter Hiemstra is tans hoofregter van Bophuthatswana, en ere-professor in die departement Proses- en Bewysreg aan die Puk.

Regter Hiemstra het die studente toegespreek oor die komper se invloed in die Bewysreg. Die lesings het gehandel oor die toenemende gebruik van kompers en die aanpassings wat in die Bewysreg gemaak sal moet word om tred te hou met hierdie nuwe ontwikkelinge.

Na die tweede lesing is die geleentheid op gepaste wyse afgesluit met 'n kaas en wyn onthaal in die Studentesentrum. Hier het die studente die geleentheid gekry om self met die regter te gesels en om aan hom vrae te stel.

Dit was regter Hiemstra se eerste lesings as ere-professor na sy aanstelling en professorale intreerede verlede jaar.

# *Prof Duvenage loof Prof Stoker oor lesing: "oopheid van hart"*

**Prof. H.G. Stoker, wêreldbekende christenfilosoof van Potchefstroom, het Donderdag 17 September sy tweede lesing in die reeks oor 'n dimensie van "oopheid" in die wetenskap gelewer. Die geleentheid is deur dosente en studente van die Puk bygewoon, terwyl verskeie omliggende universiteite ook verteenwoordig was.**

In sy eerste lesing ('n inougurele rede wat vroeër die jaar gehou is) het prof Stoker die saak van die onetiese sy af belig. Hoewel hy binnekort na Pretoria verhuis, beplan prof Stoker nog lesings oor o.a. "historiese oopheid" "sosiale oopheid" en "oopheid van verbeelding."

## Oopheid

Onder die tema, "oopheid van hart", het prof Stoker die wetenskap as spesifiek-menslike aktiwiteit onder die soeklig geplaas. Prof Stoker het gesê alle wetenskappe gaan van 'n mensbeskouing af uit en hy moet homself daarom ook verantwoord oor wie en wat die mens is. Die mens is volgens hom 'n kreatuurlike, kosmiese wese wat na die Beeld van God geskape is.

## Beeld van God

As beeld van God is die mens ook onder meer heer van die skepping en 'n student moet in die uitlewing van sy beeldskap sorg dat hy meester en heer van sy vak is. Prof Stoker gebruik verder die Skrifperspektief dat alle uitgange van die lewe uit die hart is. Dit is die oopheid tot hierdie uitgange wat prof Stoker bepleit.

## Nuwe benadering

Prof. B. Duvenage het in sy samevatting en bedanking gesê weinig van die jongere filosowe sal in staat wees om op 82-jarige ouderdom so 'n lesing te kan lewer. Prof Duvenage het ook voorspel dat ons met prof Stoker se lesing 'n tydperk van nuwe benadering tot die wetenskap binne gaan.

Na die lesing is daar tydens 'n geselligheid geleentheid vir persoonlike bespreking met prof Stoker en mekaar gebied.

STUDENTEBURO

# Bond help studente

Waarom iets oor die Bond van Oud-Pukke in hierdie rubriek? Maklik. Nie alleen is die Bond 'n onderafdeling van die Studenteburo nie, maar stel ook sy hulp en dienste aan u as huidige student beskikbaar.

Die raakvlakke tussen student en oud-student is so wyd en uiteenlopend dat ons u nie nou daarmee wil opsaal nie. Tog in 'n neute-dop, die Bond is daar om ook hulp aan u as huidige student te verleen. Kom kuier gerus en drink 'n koppie koffie as u vanjaar u studies voltooi of as u dalk 'n toer of koshuisreunie beplan.

U as huidige student kan met reg die vraag vra, waarom 'n Bond van Oud-Pukke? Die antwoorde hierop is legio. Tog die belangrikste kan soos volg aan u voorgehou word.

Die Bond is daar om meelewing en kontak tussen studente, oud-studente en die Alma Mater te bewerkstellig. Hierdeur word almal op hoogte gehou. 'n Direkte gevolg van hierdie kontak is dus 'n kommunikasiekanaal waardeur daar geleentheid geskep word vir:

* Gesprekvoering op alle vlakke;
* Kritiek waar en wanneer van toepassing; en
* U geleentheid kry om waardevolle insette in die werking van die Alma Mater te lewer.

Bostaande gee dus aan u die geleentheid om deel te vorm van die volle span wat meewerk om die Puk aan die wêreld voor te hou as steeds die inrigting wat toonaangewend bly op elke gebied wat hy betree.

Die Bond van Oud-Pukke is dus een van die talle instrumente waardeur die Puk se naam na buite gedra word. U aandeel, hoe gering ook al, is dus noodsaaklik. Vandag mag u twyfel maar môre, oormôre is u weg van die kampus, die verlange groot. Onthou dan — die Bond van Oud-Pukke kan help om daardie verlange te stil en, les bes, om te skakel na aktiewe en doelgerigte meelewing.

# *Oor besoeke aan dokters*

Hoe moet ek my gedra tydens 'n besoek aan die dokters?

Eerstens moet jy onthou jou eie tyd sowel as syne is beperk en kosbaar.

Die werklike besoektyd — (die tyd wat jy in sy ondersoekkamers by hom is) is relatief kort. Die tyd in die spreekkamers is langer want, jy moet alle inligting aan die suster gee en nog jou beurt afwag.

Dit sal dus bedagsaam wees as jy jouself voor die tyd was en gemaklike, skoon klere aantrek sodat alles vlot verloop. Terwyl jy wag, moet jy probeer om die vorige ondersoeke te onthou. Kry jou gedagtes agtermekaar veral oor onlangse klagtes wat jy gehad het, vorige siektes en moontlike ongelukke waarin jy betrokke was. Onthou die klein dingetjies wat medies met jou gebeur het sedert jy voorheen 'n dokter gespreek het. Hou dan jou antwoorde gereed. Maar, hou ook jou vrae gereed. Vra die dokter oor alles wat jy nie begryp nie.

Aan die anderkant moet jy goed luister na wat die dokter sê. As hy iets voorstel moet sy seker wees jy verstaan dit. Vra as jy nie begryp nie. As jy om die een of ander rede meen sy raad is nie reg nie, sê dit in die spreekkamers aan hom sodat julle dit dadelik kan bespreek. Maak 'n punt daarvan om nie jou gesprek met die dokter of jou mediese probleme met jou buurman te bespreek nie. Van hulle sal jy nie beter professionele hulp kry nie.

KUNS EN VERMAAK



*Johan Myburgh, die wenner van Die Wapad se jaarlikse poësie-kompetisie.*

# Uitslag van poësie-kompetisie

Johan Myburg is as die wenner van Die Wapad se jaarlikse poësiekompetisie aangewys. Hy het dié kompetisie ook verlede jaar gewen. Johan is vroeër vanjaar ook aangewys as die wenner van ASPU (Afrikaanse Studentepersunie) se poësiekompetisie.

Rudolph Willemsé, 'n finalejaar LLB-student van Over-de-Voor was tweede in die kompetisie en Rinie Schutte van Wag-'n-bietjie was derde.

Die beoordeling is gedoen deur mnr Jan Swanepoel van die Departement Latyn, en prof Hans du Plessis van die Departement Afrikaans-Nederlands. Van albei het daar reeds bundels die lig gesien.

## Wengedig

*die man vang vis:*
*trek geskubde fossiele een-een uit die water*
*hy vang graat op graat*
*altyd dieper in die igtiologie tywfelend*
*tussen vis en vlees*

**Johan Myburg**

## Tweede plek

**Ou myndorp**

*die erwe van die vadere is deur sierbome afgebaken:*
*murasies rooi stoeptrappies:*
*gerugte van lipstick*
*oorvol kroeë en ondergrondse gevloek*
*rotsstortings insinkings in huwelike:*
*die onverklaarbare ontstaan van "toe-nog-ongeborenes"*
*geen gedenkplaat geen sinkplaat*
*grafwit mynhoop sonder hoop*
*onder jou haal gebreekte skedels asem*

**Rudolph Willemse**

## Derde plek

**Non**

*Sy is heilig en onbevlek,*
*geskoei op 'n eeue-oue lees –*
*maar haar hande gryp na die plek waar*
*haar kind moes wees.*

**Rinie Schutte**

# Geen beslissing oor losiesgeld

**Die hele kampus is aan die gons oor die beoogde verhoging van losiesgelde. Dit is nie net die wiskunde-mense wat deesdae met sakrekenaartjies werk nie; almal maak naarstigtelik somme. Die finansies vir '82 moet uitwerk, of hoe dan...**

Mnr. Dirk Coetzee, hoof van koshuisadministrasie sê egter geen beslissings is nog gemaak nie. Die studente kan aanvaar dat daar 'n moontlikheid van styging is, aangesien die inflasiekoers vyftien persent is. Die Raad besluit egter met die laaste Raadsvergadering van die jaar of so 'n styging van losiesgelde al uitweg is om die verliese te dek, al dan nie.

Daar is dus nou geen rede vir kommer nie. Eers ná die Raadsitting sal die studente weet of daar sprake is van 'n verhoging of nie.

Van die studente is ook aan die brom oor die feit dat hulle hul plek in die koshuis verbeur het. Dit is weens te laat aansoek doen, en hul name is op die waglyste geplaas. Mnr Coetzee sê die personeel is teleurgesteld oor die studente se trae reaksie om aansoek te doen. Die reaksie was beter as verlede jaar, maar té veel het gesloer en te laat gekom. Die nuwe eerstejaars moes intussen geplaas word, maar die seniors kry nou met kansellasies voorkeur.

Op die oomblik is 75 persent van die dameskoshuise al oorvol. Nog net Dampad I van die manskoshuise is vol. By die ander is daar nog 'n bietjie plek. Die hele Klooster is in Dampad I geplaas. Dit is interessant dat heelwat seniors plasing soontoe gevra het, met die oog op die feit dat hulle dan in 'Klooster' sal wees.

# Haïr 'n pleidooi vir vrede en harmonie

**— Matt Mathee —**

**Haïr (USA) '79 — Milos Forman (One flew over the Cuckoo's Nest) Gebaseer op Tom O'Horgan se 1968 "Off-Broadway" musikale stuk. (later Broadway).**

Dan is die rolprent waarvoor ons twee jaar lank gewag het nou in Suid-Afrika te sien! Milos Forman se reproduksie van die teatrale i'kon van die laat sestigers is mooi, baie mooi. Daar is geen definitiewe lyn regdeur nie, eerder momente wat op-spiraal tot die slotsom. Binne die bepaalde raamwerk van motiewe deel ons in die angs, aspirasies en ideale van jongmense in hulle siening van oorlog (Viëtman) en sosiale konvensies. Haïr is 'n sterk pleidooi vir vrede en harmonie. Dit is onmoontlik om objektief te bly — "Haïr" gaan jou raak!

Oorpsronklik was daar gevoel dat Forman in sy rolprent die musikale kern van die "Broadway"-stuk verloor het, dat die film-spektrum te wyd is. Dit was tereg ook grootliks die musiek wat die stuk so 'n rekordtyd lank laat speel het. Ek kan egter sê dat daar momente van magiese skoonheid in die sing-en-dans tonele is. Versorg deur Galt Macdermot met sy verwerkinge van immergroen treffers soos "Aquarius"; "Where's The Sunshine" en "Good Morning Starshine" (wat in 'n oop sportmotor in die Nevade-woestyn verfilm is) is genoegsame bewys.

Forman bou sy karakters met warmte en tederheid. In die grafstil openingstoneel vind ons die Oklahoma-boerseun Claude (John Savage van "Deer Hunter"-faam) op pad weermag toe. Hy kruis die paadjie van "hippies" in die stad en is vir eers oorstelp met die leefwyse. Oor 'n paar dae moet hy aanmeld. Hy raak verlief op 'n meisie van 'n baie hoër stand as hyself en sy nuutgevonde vriende. Dan sluit hy aan by die weermag. Sy nuwe vriend Berger (pragtig vertolk deur Treat Williams) laat letterlik geen steen onaangeraak sodat die meisie hom kan groet voordat hy vertrek na Suid-Oos Asië nie. Berger betaal die hoogste prys hiervoor. Haïr is pittig, dog 'n lag met 'n traan...

'n Laaste woordjie van die man wat die rolprent vervaardig het, Lester Perskey: "Hair has become a myth now, as not a protest film or a documentary. It's a very special film".

Sien dit en "let the sunshine in"!

# Koorfees

Die Wes-Transvaalse Raad vir Kultuurbevordering bied op Dinsdag 29 September 'n koorfees in die Hennie Bingle Ouditorium aan. Op die koorfees sal onder andere werke van prof Pieter de Villiers uitgevoer word. Kore wat aan die fees gaan deelneem is: Die Ambassadeurskoor, Dameskoor POK, PU-koor, Klerksdorpse Stadskoor en 'n gesamentlike Onderwyskollegekoor.

Die koorfees begin om 20h00 en die toegang is R2.00. Besprekings kan gedoen word by die studentesentrum se Inligtingshokkie en by Bukana.

# Onthou hierdie

## Alabama — revue '81

Moenie die Alabama Studentegeselskap misloop nie. Hulle is nog tot 26 September (Vrydagaand) in die Hennie Bingle Ouditorium te sien. Hulle vertonings begin om 19h30 en besprekings kan by die Inligtingshokkie van die Studentesentrum, Bukana en by Pat Harold's Volkswagen gedoen word.

CHARLENE LE RICHE

Beauty Clinic/Skoonheidskliniek

Cidesco. S A I H B.Th

LEWIS ARCADE. KERKSTREET, POTCHEFSTROOM

TEL.: 5581

**BEHANDELINGS**

- Velbehandeling
- Franse velafskilfering
- Verjonging en serumbehandeling
- Spesiale koringkiemmasker
- Verjongde H.T. masker
- Velanalise en grimering
- Kleuring van wenkbroue en oogwinpers
- Manikuur
- Pedikuur
- Verwydering van gesigs- en beenhare
- G 5 verslankingsmasjien

**GRIMERING**

- Grimering
- Bruidsgrimering
- Gewone dag en aandgrimering
- Fotografies
- Modelgrimering
- Korrektiewe grimering
- Disco
- Fantasie
- Kamoefleer
- Verhoog en TV
- Futuristies

***ONS BIED SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE**

C Le R

'n Jaarlange kursus in skoonheidsterapie neem binnekort 'n aanvang. **Skakel 5581 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.**

# Grafiese Kuns

Die Departement Beeldende Kunste aan die PU bied van 28 September tot 9 Oktober 'n uitstalling aan van grafiese kunswerke deur studente aan die universiteite van Pretoria, Suid-Afrika en Potchefstroom.

Die uitstalling is gedurende kantoorure te sien in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou.

# Gooi in jou gedigte

Skrywerskring wil binnekort weer 'n byeenkoms hou. Vir die geleentheid word studente gevra om hulle eie gedigte in bussie 61 by die studentesentrum te gooi. Die gedigte sal by die byeenkoms bespreek word. Hoewel die digters se name hulle bydraes moet vergesel, sal dit anoniem by die byeenkoms bespreek word. Dit is 'n ideale geleentheid om 'n evaluasie van jou werk te kry.

# Wat is 'n studiebeurs vir u werd nadat u gegradueer het?

Daar is kleindruk in meeste ooreenkomste. Maar ons is bereid om ons s'n onder die vergrootglas te plaas.

Ons studiebeurse bied heelwat meer as net geldelike bystand. Hulle bied ook die sonderlinge geleentheid om by 'n organisasie aan te sluit wat bekend is daarvoor dat hy sy personeel ontwikkel, hulle genoeg ruimte gee om hulself te bewys, en hulle baie goed betaal.

Miskien het u nog nie van die Barlow Elektronika-groep gehoor nie. Maar u sal darem seker al gehoor het van meeste van die maatskappye wat aan ons Groep behoort, of van hul produkte.

Ons maatskappye staan aan die voorpunt van hul onderskeie tegnologieë. Gesamentlik bied hulle werk aan ongeveer 4 500 persone.

Baie maatskappye bied u 'n pos aan nadat u gegradueer het. Ons bied u 'n goedbetaalde interessante loopbaan, omring van vaardige tegniese breine, wat die allernuutste tegnieke en toerusting gebruik.

In welke studiejaar u ookal tans op universiteit mag wees, u mag kwalifiseer vir een van 60 beurse wat nou beskikbaar is.

U is dit aan uself verskuldig om u studies te voltooi.

U is dit ook aan uself verskuldig om verder te dink as die gradeplegtigheid.

Stuur volle besonderhede van u akademiese rekord tot op datum, tesame met 'n aanduiding van u spesifieke akademiese belangstelling, asook 'n vinnige, betroubare kontakadres aan die Mannekragbestuurder, Die Barlow Elektronika-groep, Posbus 1750, Rivonia 2128.

## Die Studiebeurs

Die beurs dek alle kostes van
- Onderrig
- Boeke
- Huisvesting en gee u boonop genoeg sakgeld.

Dit is geldig vir enige Suid-Afrikaanse universiteit waar die verlangde kursus aangebied word. Aansoeke van damesstudente word ook verwelkom.

### Sleutelvoorwaardes

- Voortgesette betaling van die beurs gaan gepaard met sukses in eksamens.
- Beurshouers sal vakansiewerk doen onder toesig van 'n mentor.
- Nadat beurshouers gegradueer het, sal hulle onder kontrak vir die maatskappy werk vir 'n tydperk wat gelykstaan aan die duur van die beurs.

## Vakke

### Elektroniese Ingenieurswese
- Syferstelsels
- Programmatuur
- Analoogelektronika
- Radar (vanaf oorsendingstegnologie, seinprosessering, tot antennes)
- Radiofrekwensiekommunikasie
- Beheerstelsels

### Elektriese Ingenieurswese
- Wisselstroom en Gelykstroom
- Elektronika (werkende tot op 15 kva)

### Rekenaarwetenskap
- Intydstelsels (tot op 100m megahertz)

### Meganiese Ingenieurswese
- Algemene Ontwerp
- Servohidroulika.

'n Lid van die Barlow Rand Groep

**Die Barlow Elektronika-groep**

'n gelykegeleentheid-werkgewer

Admark Recruitment Advertising 17637



• *Professor H J J Bingle is op Vrydag, 18 September as nuwe kanselier van die Puk ingesweer en het ook 'n ere-doktorsgraad ontvang. Hy volg dr. P.W. Vorster as kanselier op. Talle insette, soos Wetenskapsleer, die totstandkoming van die IBC en die Calvynversameling is deur sy leiding gemaak. Hierdeur het professor Bingle 'n betekenisvolle aandeel gehad in die uitbouing van die karakter van die Universiteit.*

● Sportpersoonlikheid

# Bennie verower twee medaljes


— Ilma Frylinck —

**BENNIE Wheeler is een van die Puk se uitstaande sportmanne. Hy is 'n Springbok judoka, en het vanjaar twee goue medaljes op die Suid-Afrikaanse spele ontvang. Hy kwalifiseer vir erekleure en het 'n verdere twee goue medaljes op SAU verower.**

Bennie het in 1970 met judo begin, in 1971, kry hy sy Wes-Transvaal kleure en behaal 'n tweede plek op die Suid-Afrikaanse spele. Van 1972 af wen hy nog elke jaar die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Bennie het RSA kleure in judo en is ook die houer van verskeie Swartbelt Suid-Afrikaanse titels.

In die eerste Springbok proewe waaraan Bennie deelneem kry hy 'n derde plek, maar in 1978 ontvang hy sy Springbok kleure vir die eerste maal.

Meeste van Bennie se vrye tyd gaan in judo, maar hy is baie lief om rugby te speel. Op skool het hy rugby en judo beoefen, maar nou het hy nie meer die tyd daarvoor nie. Hy is ook 'n afrigter van die Puk se judo-klub.



• *Bennie Wheeler Springbok judoka het twee goue medaljes op die Suid-Afrikaanse spele verower.*

Bennie het in Carletonville Hoër gematrikuleer waarna hy sy militêre diensplig voltooi het. Tans is hy 'n eerste jaar B.Juris student en woon in Hombré.

Bennie het in 'n besondere sportiewe huisgesin grootgeword. Sy jonger broer het in 1978 sy Springbok kleure in judo verwerf, en sy ouer broer is 'n Suid-Afrikaanse kampioen in judo. Bennie se vader was 'n stoeier, en dan het hy nog een broer wat rugby speel.

Op die oomblik is Bennie hard besig om fondse in te samel sodat hy saam met die judoklub volgende jaar oorsee kan gaan. Die toer is gereel deur die klub self, en hulle samel self al die fondse vir die toer in.



• *Bennie Wheeler is besig om vir Charl Botes aarde toe te bring met een van sy gunsteling judotegnieke.*

● Koshuistradisies

# Klawerhof doen dinge saam

**KLAWERHOF is een van die min dameskoshuise wat nog baie dinge saamdoen. Hulle koshuis is so gebou dat daar 'n grasperk in die hartjie van die koshuisgebou is. Hierdie vierkant word ten volle benut deur die meisies, veral ook omdat dit beskut is teen nuuskierige loerders . . .**

In die somer dra die meisies hul matrasse na buite en benut die geleentheid vir 'n skoonheidslapie — in vars lug en onder die sterre. Die grasperk word nie net in die nag benut nie, want dis Klawerhof se eie "strand" waar die meisies bruin word, veral natuurlik voor die koshuisdinee. Die inwoners van Klawerhof verkeer darem nie net horisontaal in die vierkant nie, daar word ook baie keer vleisgebraai asook stokbrood-geselllighede gehou.

Met 'n vlugbalnet hier, maak die meisies graag litte los. Nog tradisionele aksies is 'n uittrappie inry toe. En wanneer die Mooirivier afkom, sit die meisies af rivier toe om vir die Klawerhof-special te sorg. Dit bestaan uit die Mooirivier vol drywende Klawertjies!

Spesiale geleenthede gaan hier nie stil verby nie. Nee, dit word behoorlik gevier met 'n goeie hoeveelheid "shu-shine en polish". Die bad wat saam met hierdie geleenthede gaan, is darem 'n baie beskaafde, vroulike skuim- en blommetjiesbad.

Klawerhof hou elke jaar 'n sportdag met Wanda, maar hierdie jaar was dit met Karlien. Vlugbal, krieket, sokker en rugby is gespeel. Menige Springbok sou verstom staan voor die skêr — en pypkanbewegings, om van die losskrums nie eers te praat nie!

Van spoke raak 'n mens moeilik ontslae en dis ook die geval in Klawerhof. Elke semester kry elke meisie 'n spook, wie se identiteit in die duister moet bly. Die spook moet haar slagoffer so af en toe verseker dat daar iemand is wat aan haar dink deur klein geskenkies, eetgoed of 'n briefie.

Klawerhof glo ook daaraan om die groepsgees hoog te hou met partytjies. Dit geskied om byvoorbeeld die spoke te onthul en met die aankondiging van die wenners van die jaarlikse gangkompetisie.

Hulle nuwe Hk word deeglik ingelyf na die uitslag bekend gemaak is. Hierdie jaar het die Hk 'n bad in die spuitfontein van die SS. deurgaan. Hulle word ook "beveer en bemodder", maar na die rowwe behandeling word daar in die vierkant gesing en braaivleis gehou.

**Vervolg van p12**

tot die ontwikkeling van sport op die Puk. Daar bestaan tans geen geskrewe sportbeeld op die Puk nie. Deur so 'n beleid op te stel sal die sportaktiwiteite van die Puk meer gekoördineer kan word.

Verder stel hy dit as een van sy prioriteite om bande tussen die sportraad en die sportburo te versterk en te verbeter. Hierdeur kan 'n groter mate van kontinuiteit en koördinasie bewerkstellig word.

Bande tussen die sportraad en die onderskeie sportklubs moet ook versterk word. Die eerste stap wat Nico in die rigting beoog is om vir sover moontlik alle klubs se vergaderings by te woon. Hierdeur kan hy persoonlik kennis maak met die probleme wat die klubs ervaar. Hy nooi alle klubs om 'n briefie in sy bussie te gooi as hulle vergadering en aksies hou.

Nico wens die nuutverkose dagbestuur van die Sportraad, Koshuissportraad en alle sportklubs se nuwe bestuurslede geluk met hul verkiesing. Hy dra ook sy beste wense oor aan die sportmanne en sportvroue van die Puk vir die nuwe sportseisoen.

# *Koshuisligauitslae bekend*

**Dinki en Villagers is die wenners van die algehele koshuis liga. Dinkie wen met 'n totaal van 865,5 kort op hul hakke volg Wag-'n-bietjie met 821,5. Villagers se totaal is 1155,1 Caput volg met 1130,2.**

| | Dinki | Vergeet-my-nie | Wag-'n-bietjie | Karlien | Klawerhof | Wanda | Oosterhof | Heide | Kasteel | Kulu | Villagers | Caput | Hombré | Dawie Dup | Over-de-voor | Amajuba | Klooster | Drakenstein |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KLUBPRESTASIES** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tennis | 25 | 110 | 55 | 80 | 70 | 40 | 75 | 30 | — | — | 70 | 130 | 70 | — | 30 | 55 | 95 | 30 |
| Pluimbal | 55 | 40 | 50 | 45 | 20 | 35 | 65 | — | 30 | 25 | 65 | 40 | 50 | 35 | 45 | 30 | 55 | 30 |
| Tafeltennis | — | 30 | 45 | 40 | 50 | 35 | 5 | 55 | 25 | — | 45 | 75 | 50 | 30 | 15 | 20 | 25 | — |
| Netbal I | 45 | 80 | 30 | 60 | 70 | 55 | 40 | 50 | 35 | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Netbal II | 55 | 65 | — | 45 | — | 40 | — | — | 60 | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Muurbal | 35 | 30 | 130 | 45 | 70 | 45 | 25 | 60 | 40 | — | 25 | 125 | 30 | 110 | 50 | 55 | 95 | 60 |
| Trapkar | 55 | 80 | 70 | 45 | — | 40 | — | 50 | 60 | — | 35 | 80 | 70 | 55 | 60 | 40 | 50 | 45 |
| Atletiek | 70 | 30 | 40 | 60 | 35 | 50 | 80 | 55 | 45 | — | 35 | 60 | 55 | 50 | 80 | 70 | 40 | 45 |
| Hokkie I | 55 | 70 | — | — | 80 | — | — | 70 | — | — | 55 | 80 | 60 | 45 | 70 | 50 | 40 | 35 |
| Hokkie II | — | — | 45 | 55 | — | 65 | 55 | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Hokkie III | — | — | — | — | — | 45 | 50 | — | 40 | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Kano | 55 | 70 | 80 | 50 | 60 | 35 | — | — | 40 | 45 | 70 | 80 | 45 | 60 | — | 50 | — | 55 |
| Karate | 65 | 50 | 40 | — | 45 | — | 55 | — | — | — | 65 | 55 | 40 | — | — | — | 45 | 40 |
| Landloop | 35 | 45 | 80 | 70 | 40 | 55 | 50 | 60 | 35 | — | 80 | 45 | 55 | 40 | 35 | 70 | 60 | 50 |
| Rugby I | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | 60 | 70 | 40 | 70 | 45 | 55 | 50 | 60 |
| Rugby II | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | 50 | 60 | 30 | 45 | 40 | 35 | 55 | 50 |
| Rugby III | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | 35 | — | 45 | 50 | — | — | 40 | 35 |
| Krieket | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | 80 | 50 | 60 | 55 | 60 | 45 | 40 | 80 |
| Gewigoptel | — | — | — | — | — | — | — | — | — | — | 15 | 35 | 50 | 40 | 25 | 45 | 20 | 30 |
| BONUSPUNTE | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Registrasie | 45 | 70 | 59 | 53 | 57 | 72 | 65 | 45 | 64 | — | — | — | — | — | — | — | — | — |
| Voorsitter | 0 | — | — | 20 | — | — | — | 20 | — | — | 160 | 60 | 60 | 130 | 120 | 20 | 20 | 20 |
| O/voorsitter | 10 | — | — | — | 20 | — | — | — | — | — | 40 | 60 | 30 | — | 70 | 50 | 10 | 10 |
| Sekretaris | 160 | 15 | 15 | 15 | 30 | — | — | 60 | 60 | 15 | 30 | 15 | — | — | 15 | 15 | — | — |
| Pukdeelname | 100,5 | 36,5 | 24,2 | 70 | 60,4 | 47,3 | 56,3 | 9,5 | 16,9 | 9,4 | 140,1 | 55,2 | 80,3 | 82,1 | 100 | 137,4 | 29,3 | 42,9 |
| TOTAAL | 865,5 | 821,5 | 763,2 | 753 | 707,4 | 659,3 | 616,3 | 564,5 | 550,9 | 94,4 | 1155,1 | 1130,2 | 935,3 | 907,1 | 870,0 | 837,4 | 769,3 | 667,9 |
| Plek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |

Na samesprekings met Prof Putter en mnr Piet Louw is besluit om die punte op grond van die volgende saam te stel.

### Geregistreerde sportmanne

Die koshuis kry persentasiegewys punte op die aantal geregistreerde sportmanne. Die maksimum punte wat 'n koshuis op die gebied kan insamel is 120 punte.

### Interkoshuisliga-wedstryde

Enige sportsoort wat 'n eerste, tweede of derde liga aanbied word as volg bereken. Kategorie A se eerste liga kry kategorie A punte, die tweede liga kry kategorie B punte, en die derde liga kry kategorie C punte.

Kategorie B se eerste liga kry kategorie B punte, en die tweede liga kry kategorie C punte.

Drie mense in elke bestuur kom in aanmerking vir punte. Punte word as vol toegeken.

Sportraad: Voorsitter 100 punte, sekretaresse 80 punte.

Koshuissportraad: Voorsitter 100 punte, ondervoorsitter 70 punte en die sekretaresse 80 punte.

Klubs: Voorsitter 20 punte, ondervoorsitter 10 punte en die sekretaresse 15 punte.




# Derek ski voor in kompetisie

**Derek Adlam het in Maart die Suid-Afrikaanse Ope Waterskikampioenskappe gewen en vir die tweede agtereenvolgende jaar Springbokkleure verwerf.**

Gedurende dié kampioenskappe het hy die moeilikste toertjie ter wêreld in die begin metode afdeling bemeester. Derek is die eerste persoon in Afrika om dié toertjie te bemeester. Die toertjie ('n "front toe-up") behels die volgende: 'n tou word om die een voet gesit en teen 'n spoed van 70 km/h moet met die ander voet opgestaan word.

Die moontlikheid bestaan dat niemand in Europa tot dusver die toertjie bemeester het nie. Die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Waterski Assosiasie is op die oomblik in die buiteland en hy sal vasstel of Derek die rekord hou.

Derek kon nie aan die Suid-Afrikaanse Spele deelneem nie, as gevolg van 'n besering. Hy het sy bo-arm op twee plekke gebreek tydens die eerste Internasionale Kampioenskappe, toe Suid-Afrika teen 'n wêreldspan deelgeneem het.



*Derek Adlam is hier besig om die "front toe-up" toertjie uit te voer. Hierdie is een van die moeilikste waterski bewegings en Derek is die enigste in Afrika wat dit kan uitvoer.*

# Atlete doen goed in koshuisliga

**DINKI en Caput loop na afloop van twee atletiekbyeenkomste in die koshuisliga voor. Die laaste koshuisliga vind plaas op 23 September en die eerste Wes-Transvaal Kampioenskappe op 16 Oktober.**

Mnr. Christoe Snyman sê die koshuisatletiek is baie beter as verlede jaar en sodoende word beter prestasies behaal. Die enigste koshuis wat 'n teleurstellende opkoms toon is Dawie Dup, wat net een deelnemer gehad het en Wag-'n-Bietjie se opkoms is die swakste onder die Dameskoshuise.

In die mans 110m hekkies behaal Jurie van der Walt 'n eerste plek met 'n tyd van 14,0 sek. P. Prinsloo wen die 800 m in 1min56,4sek en D Vorster wen die 200m in 22,2 sek. Die 1500m stap vir mans is gewen deur C Swarts in 'n tyd van 6min41,7sek. Die 4x100m aflos is gewen deur Caput.

In die velditems behaal P Hoogenboesem 'n wenafstand van 61,69m in die spiesgooi en Piet Goosen wen die gewigstoot met 'n afstand van 16,92m. C Botha wen die driesprong met 14,09m.

Isobel Campher wen die 100m hekkies vir dames in 'n tyd van 14,3sek. Die 800m is gewen deur M Harmzen in 2min43,8 sek en P Fourie kom eerste in die 200m in 24,8sek. Die dames 4x100m aflos is gewen deur Dinki.

C van der Vyver wen in die velditems die hoogspring met 'n hoogte van 1,57m. Susan Lion Cachet wen die spiesgooi met 49,38m en M Liebenberg wen die dames gewigstoot met 'n afstand van 12,28m.



*Tydens die Aikido klub se gradering verlede Saterdag het Hannelie van Niekerk die trofee vir die beste prestasie van die jaar ontvang. Christoe Swanepoel, die voorsitter van die klub, oorhandig hier die trofee aan haar.*

# Aikido gradeer

**Johan van Helsdingen, hoofinstrukteur van die Nasionale Aikido Federasie van Suid-Afrika, het 19 September die Aikido-gradering op die Puk waargeneem.**

Agtien Pukke het gegradeer, waarvan ses dames was. Almal wat deelgeneem het, het gegradeer en sewe lede het groenbelde verwerf. Vir die eerste keer in die klub se bestaan het 'n dame, Hannelie van Niekerk, die trofee vir die beste prestasie van die jaar gekry. Die slaagsyfer was 72.6% wat baie hoog is.

Mnr van Heldsdingen het gesê die Puk-klub is besig om een van die sterkste klubs in Suid-Afrika te word. Die klub bestaan nou drie jaar en het 'n ledetal van 25. Francois le Grange, die voorsitter vir die nuwe seisoen, is baie optimisties oor die toekoms van die klub, aangesien die ledetal van die klub vanjaar met 100% gegroei het.

Nuwe bestuur: Voorsitter Francois le Grange, ondervoorsitter Thomas Kruger, sekretaresse Taulbealine Karletz, Penningmeester Gerhard Hattingh en addisionele lid Hannelie van Niekerk.

# Skermklub loop baie ver voor met punte

**Die skermspan van die Puk het Saterdag teen 'n span van Sasolburg deelgeneem en al die afdelings gewen.**

Die Mans A span het 14-2 gewen, die Mans B 11-6 en die dames 13-3.

Die Transvaalse Skermkampioenskappe vind 10 Oktober in die groot sportsaal plaas. Dié kampioenskap is ook verlede jaar op die Puk gehou. Die Pukspan het verlede jaar goed gevaar, maar niemand het die span gehaal nie. Volgens mnr. Piet Louw kan Wynand van Rooyen, na aanleiding van sy goeie vertonings die afgelope jaar, vanjaar die span haal.

Volgens mnr. Louw vaar die dames ook vanjaar baie goed, maar daar is nie 'n besondere uitblinker nie. Nicolene Hanekom het die seisoen goed presteer en kan moontlik vir 'n verrassing sorg en die Transvaal span haal.



*Die Puk skermklub het in 'n kompetisie teen Sasolburg alle afdelings gewen. Die Transvaalse skermkampioenskappe vind op 10 Oktober in die groot sportsaal op die Puk plaas.*

# Nico is nuwe Sportraadvoorsitter



*Nico Hurter is die nuwe Sportraad voorsitter*

**Nico Hurter van Overs volg vir Danie Malan op as Sportraadvoorsitter. Nico is 'n derdejaar BA student en is ook voorsitter van die pistoolklub.**

Nico se doelstellings vir bevordering van sport in sy dienstermyn sien daar as volg uit. Hy wil eerstens probeer om sportregistrasie met akademiese registrasie te laat saamval, waarvolgens elke Puk dan sportregistrasie sal betaal. Hierdeur sal daar baie meer geld beskikbaar wees vir die sportklubs, en dit is veral die kleiner klubs wat daarby gaan baat. Die sportman wat aan meer as een sportsoorte wil deelneem sal dit kan doen terwyl hy net eenmaal betaal. Die niesportdeelnemer kry nou ook die kans om 'n bydrae te lewer

**Vervolg op p11**